

# Doodskok van roofvoëls op kragmaste



ENDANGERED  
WILDLIFE TRUST

BIRDS OF PREY  
PROGRAMME

conservation in action

Die doodskok van roofvoëls, veral die groter spesies, is ongelukkig 'n algemene onnatuurlike oorsaak van sterftes in suidelike Afrika. Die groot hoogspanningslyne (220 kV tot 765 kV) is gewoonlik nie 'n bedreiging vir die groot roofvoëls nie, omdat die maste so ontwerp is dat die voëls nie naby die potensieel dodelike geleiers kan sit nie. Ongelukkig kan dieselfde nie gesê word van die netwerkklyne van 11 kV tot 132 kV nie. Roofvoëls en aasvoëls soek instinktief die hoogste uitkykpunte as geskikte sitplekke van waar hulle die omliggende omgewing kan bespied vir prooi of aas. In plat, boomlose habitat verskaf kragmaste dikwels die ideale uitkykpunte vir hierdie doel. Afhangende van die ontwerp van die paal, kan 'n groot roofvoël moontlik twee lewendige komponente, of 'n lewendige en gearde komponent gelyktydig raak. Dit veroorsaak 'n kortsluiting deur die voël wat die gaping tussen die lewendige komponente oorbrug. Die kortsluiting lei onvermydelik tot die onmiddellike doodskok van die voël en 'n gepaardgaande onderbreking in die elektriese kragvoorsiening. Brandmerke en saamgetrekte kloue is kenmerkende tekens van voëls wat doodgeskok is.

## Verskeie faktore verhoog die gevaar van doodskok:

- Nat vere verhoog die geleidingsvermoë;
- Gevegte, paring en die instink om in groepe te slaap, verhoog die gevaar van doodskok, omdat die voëls hul vastrapplek kan verloor en tussen die geleiers kan beland, terwyl voëls wat naby mekaar sit tussen lewendige komponente, die risiko verhoog om die tussenruimtes te oorbrug;
- Die ouderdom van voëls is 'n ander bydraende faktor. Jong en onervare voëls is veral kwesbaar, omdat hulle gewoonlik lomp vlieg en land op strukture, hul vastrapplek verloor en aan lewendige onderdele raak;
- Gevaarlike pale op hoër terrein verskaf 'n beter uitsig op die omliggende gebied en daarom is hulle aantreklike sitplekke;
- Voedselbronne (bv. sprinkane, knaagdiere of buitelug slagpale) lok voëls na 'n gebied en dit verhoog die moontlikheid van doodskok.

## Hoë risiko spesies

Aasvoëls is veral kwesbaar as gevolg van hul groot vlerkspan, wat maklik die horisontale afstand tussen verskillende lewendige dele van netwerkklyne kan oorbrug. Die swerm instink van die spesie en hul gewoonte om bymekaar te slaap lei tot die doodskok van verskeie voëls op een slag.

Medium en groot arendspesies, bv. die Breëkoparend, Witkruisarend, Kroonarend en Roofarend gebruik dikwels die kragmaste om van te jag en om op te slaap. Groot uile, soos die Gevlekte ooruil, Kaapse ooruil en Reuse-ooruil word veral doodgeskok op transformators op pale.

### Veranderinge aan onveilige strukture

Strukture wat nie vir voëls veilig is nie, kan op verskillende wyses verander word. Die mees algemene manier is om die gevaarlike, lewendige komponente te insuleer en om die aarddraad te verwyder. Somtyds word die spasie bokant gevaarlike sitplekke geblokkeer om te verhoed dat die voëls daar sit.

Eskom, die nasionale elektrisiteitsvoorsiener van Suid-Afrika en die Trust vir Bedreigde Natuurlewe (EWT) het reeds vanaf 1996 in 'n vennootskap gegaan om die probleem van voëls en kraglyne op 'n stelselmatige wyse aan te spreek. Grondeienaars kan 'n belangrike rol speel deur hul kragtoevoer en die voëls te beskerm, deur enige probleme op hul eiendom waarby voëls betrokke is by die Eskom-EWT Vennootskap aan te meld op die hulplyn 0860-111-535 of (011) 372 3600

For further information, please contact:

Birds of Prey Programme

Tel: +27-(0)11-372 3600

Fax: +27-(0)11-608 4682

Website: [www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)

Constant Hoogstad

Endangered Wildlife Trust - Wildlife & Energy Programme (WEP)

Project Manager: Eskom/EWT strategic partnership

Email: [constanth@ewt.org.za](mailto:constanth@ewt.org.za)



**STRATEGIC PARTNERSHIP**

